Sing vooraf: Psalm 31:9, 10 (p. 145)

9 Ek word bespot, beskimp vanweë
my haters; van my smaad
hoor ek die bure praat.
Selfs vriende is my ongeneë;
my, reeds in smart verlate,
ontvlug hul op die strate!

10 Ek is vergeet soos een wat dood is;
ek is – wie dink daaraan? –
soos iets wat al vergaan.
Hul skinder nou dat ek in nood is,
en daar is geen verkwikking,
maar onrus en verskrikking.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 34:6 (p. 167)

6 Kom kinders, hoor na my! / Die HEER se vrees wil ek jul leer.
Wie is 't wat lewensduur begeer / en dae wat hom verbly?
Laat tong en lippe vra / na waarheid, en ontwyk die kwaad;
soek wat God wil: die regte daad, / en jaag die vrede na.

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet antwoord ons met Psalm 19:7 (p. 84).

Wet

Psalm 19:7 (p. 84)

7 Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad / u heil'ge wil weerstreef;
laat nie die sonde my / oorheers, dan sal ek vry / van groot oortreding leef.
Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond, / o HEER, op wie 'k vertrou het,
U welbehaaglik wees / wat in my hart kan lees – / my Rots, op wie 'k gebou het.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 138:4 (p. 671)

4 As in my angs en teëspoed / die krag en moed my wil begewe,
as vyande van veglus brand, / dan keer u hand en red my lewe.
Die HEER is goed en wondersterk: / Hy sal sy werk deur niks laat keer nie.
Laat my, o HEER wat my bewaar, / tog nou nie vaar, en nimmermeer nie.

Skriflesing: Romeine 1:28 – 2:16; Spreuke 17

Teks: Spreuke 17:19

Wie twis liefhet, het oortreding lief; hy wat sy deur hoog maak, soek verbreking.
(Spreuke 17:19 AFR1953)

Wie hou van aanstoot gee, hou van rusie; wie homself hoog aanslaan, soek sy eie ondergang.
(Spreuke 17:19 AFR1983)

Skinder en rusie maak (of twis) is sondes waarmee dit nie verby is die oomblik wanneer dit gedoen

word nie. Die twee sondes gaan gewoonlik hand aan hand, want ons skinder gewoonlik oor mense met wie ons twis en rusie maak.

- Daar is soms ernstige nagevolge, want die onwaarheid wat iemand loop en verkondig het, gaan die een of die ander tyd die persoon wat beskinder is, se ore bereik.
- Op sy beurt gaan hierdie persoon sy eer verdedig:
    - Dan ontstaan daar rusies in die kerk.
    - Baie kere lei dit tot diep verbittering tussen mense wat saam in een gemeente is.
    - Somtyds gaan dit so ver dat mense mekaar dagvaar vir laster.

Die Here verdra nie hierdie soort van onverkwiklikheid in sy kerk nie. Daarom waarsku hy die gelowiges daarteen. Hy wys daarop dat twis vermy moet word, want die gevolge daarvan is soos ’n damwal wat breek en die mense onderkant die wal in die modder verdrink:

> **Om rusie te begin, is om ’n damwal te breek; staak liewer die getwis voor die vloed jou tref.** (Spreuke 17:14 AFR1983).

- Twis en rusie maak is van die sondes wat maklik gepleeg word.
- Daarby is daar mense wat daarop roem dat hulle die geaardheid het dat hulle maklik veg: mense moet net nie met hulle moeilikheid soek nie, want hulle is so-en-so reguit en hulle sit mense wat met hulle sukkel sommer vinnig en maklik op hulle plek! So roem hulle op hulle sondes!

Iemand wat so praat, moet tot bekering kom, want ’n gelowige wat sy eie sondeskuld en gebreke besef, en wat die Here waarlik vrees, sal nie maklik ’n uitspraak soos hierdie een maak nie.

- Die Bybel waarsku duidelik dat ’n gelowige nie sonder oorsaak met iemand anders moet twis as hy jou geen kwaad gedoen het nie (Spreuke 3:30).
- Dit is baie keer so dat iemand wat met ander loop en rusie maak, iemand is wat valse getuienis en leuens uitstrooi en tussen mense tweedrag saai. Daarom waarsku die Bybel baie direk daarteen. Die Nuwe Vertaling noem so iemand sommer reguit ’n getuie wat lieg en iemand wat rusie stook tussen broers (Spreuke 6:19).

Daar is ’n hele aantal uitsprake in die Bybel wat twis en rusie maak in die regte lig stel. Soos met talle ander sondes is dit ook met hierdie sonde die geval dat dit nie begaan kan word sonder dat daar ander sondes in die gesigsveld kom nie.

- In Psalm 55:10 bid Dawid dat die Here hom moet help teen sy vyande.
    - In sy gebed sê hy dan onder andere die volgende: “want ek sien geweld en twis in die stad.” (Ek sien geweld en oproer in die stad).
    - Die onderlinge oproerigheid was so erg dat Dawid eintlik die Here gevra het om hulle taal te verwar.
    - ***Geweld, oproer en rusie gaan in hierdie beskrywing saam.***

Twis ontstaan by mense waar die Heilige Gees nie toegelaat word om aan hulle leiding te gee nie.

- Mense wat luister na die Heilige Gees en wat die Here Jesus ken en deur sy bloed versoen is met God, het ook God se liefde in hulle.
- Hulle sal iemand in liefde vermaan wat verkeerd doen.

Iemand wat nie bekeer is nie en nie in die versoening deur die Here Jesus Christus deel nie, se hart is uiteraard nog vervul met die haat wat eie is aan die duiwel.

- Daarom openbaar die Here dat daar ’n groot wêreld van verskil is tussen die optrede van iemand wat uit haat optree en iemand wat in liefde met ander mense omgaan.

Die Bybel het ’n paar uitsprake daaroor. In elkeen van hierdie uitsprake word ’n ander eienskap

genoem wat ’n deelnemende party is wanneer twis opduik:

- Die een uitspraat praat van ***haat***:

  Haat verwek twiste, maar liefde bedek al die oortredinge (Haat verwek twis; liefde bedek alles wat aanstoot gee) (Spreuke 10:12).

- ’n Ander uitspraak wat hierby aansluit, wys daarop dat ***haat en humeurigheid*** uiteindelik nie veel van mekaar verskil nie. Al twee gaan saam met twis. Luister wat leer die Here:

  ’n Driftige man verwek twis, maar die lankmoedige laat die geskil bedaar (’n Humeurige mens soek skoor; ’n verdraagsame mens maak rusies uit die wêreld) (Spreuke 15:18) en:

  ’n Opvlieënde mens veroorsaak rusie; iemand wat kort van draad is, doen sonde op sonde (Spreuke 29:22 AFR1983).

- Dit is merkwaardig dat die Here ons waarsku dat ***hebsugtige (gierige)*** mense twis/rusie verwek, terwyl die mense wat op die Here vertrou, voorspoedig is.
- Dit is asof die Here daarmee waarsku dat die mens wat so aan geld en besittings vasklou dat dit eintlik rusie veroorsaak, uiteindelik die een gaan wees wat dit nie sal hê nie (Spreuke 28:25).
- Op ’n ander plek wys die Here daarop dat iemand wat heeldag loop en twis ’n ***oneerlike*** mens is. Sy oneerlikheid lei dan tot rusie en verdeeldheid. Hoor net hoe het die Here dit laat opskryf:

  ’n Man van valse streke saai tweedrag, en ’n kwaadstoker skei vriende van mekaar (Iemand wat die waarheid verdraai, veroorsaak twis, iemand wat skinder, bring verwydering tussen vriende) (Spreuke 16:28).

Die Here brei hierop uit.

- Hy wys daarop dat iemand wat rusie soek met ander mense juis ’n verwaande soort van mens is wat nie omgee om sonde te doen nie.
  - Maar, dan wys die Here ook daarop dat hierdie mense uiteindelik ondergaan. Hulle word deur God verbreek, sê die Bybel – wat ’n sinspeling daarop is dat sulke mense nie in die hemel sal wees nie.

    Spreuke 17:19: **Wie twis liefhet, het oortreding lief; hy wat sy deur hoog maak, soek verbreking (Wie hou van aanstoot gee, hou van rusie; wie homself hoog aanslaan, soek sy eie ondergang).**

Dit is eintlik logies, want jy kan nie op die aarde op een manier lewe, en in die hemel meteens met ’n heeltemal ander lewenstyl vorendag kom nie.

- Die bedoeling van ons lewe op die aarde is onder andere dat ons die Here so moet dien en heilig lewe dat ons hemelse lewe nou al in ons sigbaar is.
- Daarom is die standpunt wat so baie van ons het dat ons onskuldig was toe ons geskinder het of rusie gesoek het dat ons “maar net gesê” het, of “net ons opinie gegee het” glad nie waar nie.
  - Die Here maak dit duidelik dat die sogenaamde onskuldige rusies nie ongestraf gelaat word nie.
  - Trouens, ons weet nog voor ons die moeilikheid begin dat ons gestraf gaan word.

    ’n Dwaas praat hom in ’n rusie in, hy soek slae met wat hy sê
    (Spreuke 18:6).

Wie van ons gaan met die Here stry oor hierdie uitspraak van Hom?

Die Here laat by ons geen twyfel oor wat Hy dink of hoe Hy voel oor rusiemakers en skindertonge

nie.

- Hy beskou dit as ’n eer vir ’n man om van twis weg te bly, maar direk daarteenoor kom sy minagting uit teenoor los tonge as Hy sê: “maar elke sot breek los” (Spreuke 20:3).
- Die Bybel waarsku dat sulke twisgierige mense hulle eer verloor omdat die waarheid bekend gaan word en dan kom hulle in die skande (Spreuke 25:8). Die Nuwe Vertaling sê dat hulle dan belaglik gemaak word.

Natuurlik is dit seer as jy belaglik gemaak word. Maar as dit jou die dag oorkom omdat jy geloop en moeilikheid soek het, moet jy weet dat jy dit verdien het. Salomo het eenkeer gesien hoe so iets gebeur het.

- Toe maak hy die opmerking dat iemand wat woedend instorm in ’n rusie wat hom nie aangaan nie, soos iemand is wat ’n kwaai hond sommer aan die ore pak (Spreuke 26:17).
- Hy gaan verskeur word, en dan moet hy niemand daarvoor blameer nie.

Dit is juis omdat rusie al hierdie onverkwiklikhede in hom het, dat dit dikwels lei tot totale verbreking van bande tussen mense.

- Mense raak so verbitterd teen mekaar dat daar nie weer versoening kom nie.
- Die Here gebruik ’n beeld waarmee Hy dit vir ons beskryf.
    - Hy sê dat iemand wat met ’n rusie skade aangedoen is, soms ontoegankliker as ’n vestingstad word.
    - Die rusie wat die ding veroorsaak het, het die deure tussen die twee mense toegemaak soos die sluitbalk van ’n fort sy hek verseël dat niemand van buite af kan inkom nie (Spreuke 18:19).

Die Here wil nie hê dat gelowiges met sulke mense moet meng nie.

- Die Here beveel dat sulke mense uit die geselskap verwyder moet word.
- As hulle nie deel van die mense om jou vorm nie, kan hulle nie rondom jou en jou mense kwaad stook nie.
- As daar dan rusies was, sal dit vanself gaan lê.
- Die Here dra dit met ’n mooi beeld aan ons oor. Hy sê:

  Sonder hout bly ’n vuur nie brand nie; sonder ’n kwaadstoker hou ’n rusie nie aan nie. Daar is houtskool nodig vir gloeiende kole, hout vir ’n vuur, en ’n twissiek mens vir rusie stook. (Spreuke 26:20, 21).

Die tongsondes van die mensdom het natuurlik die grootste rol gespeel in die veroordeling van die Here Jesus Christus.

- Ons weet dat Hy gesterf het vir al ons sondes – sodat ons daarvan versoen kan wees.
- Maar dis tog beduidend dat tydens die verhoor dit geblyk het dat dit juis die geskinder oor die Here was wat as argumente in die hof gebruik was – daarom kon nie een van hulle bewys word nie.

Tog laat die Here die dinge gebeur, sodat Hy die straf daarvoor kan dra – sodat ons as veranderde mense in sy genade anderkant kan uitkom.

- Die terugstuur van God die Heilige Gees na die hemelvaart is omdat God persoonlik in ons harte kom woon en werk.
    - Natuurlik werk die Heilige Gees geloof in ons.
    - Natuurlik werk Hy ook bekering:
        - Ook bekering dat gelowiges hulle tonge in beheer hou en nie verkeerde dinge van ander mense loop en vertel nie.
        - Bekering, sodat gelowiges hulle tonge gebruik om God te loof en hulle naaste se eer te bevorder.

Dink aan drie uitsprake wat die Heilige Gees laat neerskryf het:

- Jakobus 3:8 **Maar die <u>tong</u> kan geen mens tem nie; dit is ’n onbedwingbare kwaad, vol dodelike gif.**
- 1 Petrus 3:10 **Want wie die lewe wil liefhê en goeie dae wil sien, moet sy <u>tong</u> bewaar vir wat verkeerd is, en sy lippe dat hulle geen bedrog spreek nie.**
- 1 Johannes 3:18 **My kinders, laat ons nie liefhê met woorde of met die <u>tong</u> nie, maar met die daad en in waarheid.**

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 9-1:11 (26:11)

11 Ons het, o HEER, u wet weerstrewe,
genade^is al waar ons op pleit;
gee ons in Christus nuwe lewe,
om dit te doen uit dankbaarheid.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 22Julie 2007 (oggend)